## LIEDERE WAT IN DIE EREDIENS GESING WORD

**Sondag 22 Januarie 2012**

| Oggenddiens 09:30 | | |
|---|---|---|
| | **Lied** | **Bladsy** |
| **1.** | Psalm 73:11 | Bl.369 |
| **2.** | Psalm 68:12 & 9 | Bl.330 |
| **3.** | Psalm 7:5 | Bl.27 |
| **4.** | Skrifberyming 9-1:10 & 11 | |
| **5.** | Psalm 128:4 | Bl.628 |
| **6.** | Skrifberyming 16-1:1, 2, 3. | |
| **7.** | Skrifberyming 13-2 (Amen) | |

**WOORDVERKONDIGING:**
**Prof. dr. Sarel van der Walt**
**Lees:** Psalm 51:1-12 & Lukas 18:15-17
**Teks:** Psalm 51:7 & Lukas 18:17
**Tema:** Snap die evangelie!


# Leer my, HEER

Uit die skatkis van die Psalms

- Eerste fase van die Geneefse Psalmprojek 2009 - in opdrag van die CJBF
- 20 Psalms op CD - vir saamsing met begeleiding
- Leer die Psalms ken op konkrete wyse in huisgesinne en elders
- Verwerkings van Niel van der Watt onder leiding en redigering van Janándi van Schoor
- Die uiteindelike ideaal is om al 150 Psalms op te neem, met begeleiding volgens die Geneefse melodieë, sodat elke Psalm tot sy reg kom




**Bestel by:**
**Admin Buro Publikasies**
**Tel. 018 297 3986**
**Faks 018 293 1042**
**E-pos: bestellings@gksa.co.za**

**Prys: 175 (posgeld en verpakking uitgesluit)**


## SAKRAMENT VAN DIE HEILIGE DOOP

Tydens die erediens vanoggend gaan die sakrament van die doop bedien word aan Jantina Stols, dogtertjie van Martelie Stols. Jantina is die kleindogter van sr. Tina Stols (082-892-1179). Baie geluk en mag vandag vir julle familie 'n besondere geleentheid wees.


# SIMBAAL

"Prys Hom met galmende simbale"
[Psalm 150:5]

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord**
[Webadres – http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/]

| Jaargang 7 | Sondag 22 Januarie 2012 | Nommer 1 |
|---|---|---|


## GESONDE EKONOMIE VIR 2012

Was Moses 'n finansier, 'n ekonoom? Natuurlik nie! Tog het hy op `n ander wyse te doen gehad met *"finansies"*. *Vir Moses was die lyding ter wille van Christus, die Messias, `n groter rykdom as die skatte van Egipte* (Heb. 11:26). Moses het enersyds die **allerslegste** van die godsdiens, nl. die smaad (skande) ter wille van Jesus verkies. Andersyds die **allerbeste** van die lewe naamlik: die skatte van Egipte was vir hom van geen betekenis nie. Wat kies hy? *"Hy het die swaarkry saam met God se volk verkies bo die kortstondige genieting van die sonde"* [Heb. 11:25].

- Na *aardse maatstawwe* was Moses se reken- en finansiële prioriteite vrot.
- Na *God se maatstaf* rus Moses se besluit op *"gesonde ekonomie"*.


Jesus sê dis beter om *skatte* in die hemel te hê waar mot of roes nie verniel nie as om aardse skatte en rykdom te besit [Matt. 6:19-21]. Dié oorweging tel vir Moses. Na die geloof weeg die slegste van jou godsdiens swaarder as die beste van die wêreld. Aan die einde word die gelowige `n prins op die nuwe aarde en erfgenaam van die skatte van God.

- Die *gesondste ekonomie vir 2012* begin nie op jou knieë voor die bankbestuurder nie, maar op jou knieë voor God.
- Jou beleggings en besittings is verganklik! Maar jý besit reeds die ewigheid deur Christus . Dít is `n belegging met ewige dividende .... en dan is dit boonop *verniet* en *onvernietigbaar*.

Hier aan die begin van 2012 moet jy jou prioriteite ten opsigte van jou lewensekonomie suiwer en reg kies. Laat God in sy Woord toe om jou te lei tot 'n gebalanseerde besluit tussen die tydelike en die ewige.

*Dr. Nico van der Merwe.*

# KATEGESE 2012



Vanmôre open die katkisasie-klasse vir 2012. Ons is God innig dankbaar dat dit moontlik is om die verbondskinders weekliks uit die Skrif te onderrig en te leer. By voorbaat dankie aan dié broers en susters wat as kategete gaan optree.


| Klas | Kategeet | Telefoon |
|---|---|---|
| Graad 0 | **Martie Venter** | 018-468-6790 |
| Graad 1 | **Rina Oosthuizen** | 072-623-8669 |
| Graad 2 | **Linelle Hitge** | 018-468-1178 |
| Graad 3 | (Soek nog 'n kategeet!!) | |
| Graad 4 | **Elsa van Heerden** | 084-548-6907 |
| Graad 5 | Geen Klas! | |
| Graad 6 | **Santie van der Westhuizen** | 018-468-3553 |
| Graad 7 | **Wilma Hulshof** | 018-468-3134 |
| Graad 8 | **Jan de Klerk** | 018-468-3831 |
| Graad 9 | **Annalize Booysen** | 018-468-1696 |
| Graad 10 | **Pieter Aucamp**<br>**Hennie Venter** | 076-111-7111<br>018-468-6790 |
| Graad 11 | **Ds. Andre de Jager** | 018-468-6877 |

Die Kerkraad pleit dat ouers die volle jaar betrokke sal wees wat die kategese betref. Sal u tuis asseblief nougeset aandag skenk aan die voorbereiding van u kinders. Veral die jonger kinders in die vroeë laerskoolklasse kan nie self voorberei sonder die hulp van hulle ouers nie. ***Pa's en ma's kom asseblief julle doopsbelofte na, nl. om julle kinders te onderrig en te laat onderrig.*** Daar word op u samewerking staatgemaak. Ouers moet asseblief ook sorg dat ***afwesigheid van die katkisasieklasse*** verhoed word of tot die minimum beperk word.
Om u kind vir die *beroepslewe* voor te berei word 12 jaar op skool gebruik en nog enkele jare aan 'n Tegnikon, Tegniese Kollege of Universiteit. Skole het jaarliks tussen 1500 tot 1800 periodes beskikbaar vir onderrig – dit is tussen 1000 en 1200 *lesure*. Daarteenoor het die kerk slegs ***28 "periodes"*** beskikbaar vir die baie belangrike onderrig in God se Woord wat slegs ***14 uur PER JAAR [!!!]*** is. Gemiddeld is kinders ongeveer 5 keer per jaar afwesig wat die onderrig span van die kerk afbring na ***23 lesperiodes of 11 ure lestyd PER JAAR [!!!].*** Daar word vertrou dat u met 'n oop gemoed en gelowige hart na hierdie syfers sal kyk. *Beteken die **godsdienstige onderrig** en leer van ons verbondskinders vir ons so min dat ons bereid is om die lesure waarin hulle onderrig kan word al minder en minder te maak sonder dat dit ons hinder?* Dink goed na oor die saak van u kind se kategese! U kind word nie net vir die beroeps- en gemeenskapslewe opgevoed nie, maar ook geestelik as gelowige van God.



## GLO IN CHRISTUS SE GESAG

Soms lyk dit asof gelowiges nie 'n antwoord en greep het op die teenwoordigheid van die Satan nie. Wat is nodig om die Satan suksesvol teen te staan? Die *eerste kwalifikasie* waaraan jy moet voldoen is ***geloof***. As jy ten opsigte van jou geestelike lewe nie glo dat jy met gesag kan optree nie, sal jou geloof swak en sonder resultate bly. Toe die dissipels vir Jesus gevra het waarom kon hulle nie die bose gees uitdryf nie het Hy gesê: "*Omdat julle geloof te klein is"* (Matt. 17:20). Om met gesag en bekwaamheid teen die magte van die Satan op te tree is 'n sterk geloof nodig. Dan sal jy met daadkrag en sekerheid die Satan aanpak in die geloof en sy verleidinge weerstaan. Deur Bybellees, Bybelstudie, bywoning van die eredienste en die katkisasie (vir ons kinders) sal die Heilige Gees jou geloof so sterk en gespierd maak dat jy die Satan met groot vertroue en met sukses in jou lewe sal kan teenstaan.



## WIE'S BAAS IN DIE HUWELIK ?

Die huwelik is die oudste menslike verhouding wat bestaan. Die huwelik dateer van voor die sondeval in die tuin van Eden (Gen.3). Van toe af was die huwelik 'n belangrike besprekings punt tussen mense. Tog moet gelowiges herhaaldelik maar weer praat en besin oor die huwelik.

- Die huwelik- en gesinslewe sal eers werklik aan sy doel beantwoord as dit geskoei is op die patroon God.
- Die patroon wat God gekies het, is dat die man die hoof van die huis sal wees (Ef. 5:23; 1 Kor. 11:3).

God het dit so beskik omdat Hy weet hoe Hy man en vrou geskep het. Daarom ontvang elkeen 'n eie plek in die huwelik. Die hoofskap van die man beteken nie oorheersing oor die vrou en die gesin nie, maar *leiding en diens*. Die man is die leier in die huis soos die dirigent die leier is van die simfonieorkes waarin elke instrument 'n eie unieke plek het. Die man is die hoof van die huis soos Christus die Hoof van die gemeente is. Hoofskap het as kenmerk ***diens*** en ***leiding*** tot voordeel van die gesin. 'n Christelike huwelik is 'n huwelik waar man en vrou ***mekaar dien*** ter wille van Christus (Ef. 5:21). Paulus beskou die huwelik as 'n *"diep geheim"* met die oog op Christus en die kerk (Ef. 5:32). Die verhouding tussen Christus en die kerk moet sigbaar word in die huwelik van gelowiges. Die man het die *regerende posisie* in die huwelik en die vrou het die *versorgende posisie* in die huwelik. Dit beteken ook nie dat die vrou soms onder omstandighede die regerende faset sal hanteer nie en die man die versorgende aspek nie. Die huwelik is 'n twee-eenheid (Gen. 2:24-25). Een huwelik met twee kante wat gesamentlik die

eenheid aksentueer en waar die een nie die ander oorheers nie maar mekaar dien. *Dr. Nico van der Merwe*



## NUUT OP DIE BOEKRAK BY DIE ADMIN BURO

Die volgende boeke is beskikbaar:

1. ***Die Here regeer*** – prof JL Helberg – R166.00
2. ***Hoe lieflik is die Lig – 'n Verkenning van die dieptevlak van die homiletiese proses*** – prof FW de Wet [PTP Publikasies] – R150.00
3. ***Preekgeboorte, van eksegese tot preek*** [hersien] – onder redaksie van Fika J van Rensburg, Ben de Klerk, Frits W de Wet, At Lamprecht, Marius Nel en Wim Vergeer – R150.00

POSGELD EN VERPAKKING IS NIE BY DIE PRYS IN GESLUIT NIE.
Vir bestelling van bogenoemde kontak Petro by die Admin Buro – 018 297 3986 of per e-pos by bestellings@gksa.co.za

### EK HET GOD GEVRA …….

- Ek het God gevra vir krag, sodat ek kon presteer. Ek is swak gemaak sodat ek in alle nederigheid gehoorsaamheid kan leer.
- Ek het God gevra vir gesondheid, sodat ek groter dinge kon doen. Ek het ongesteldheid ontvang, sodat ek beter dinge kan doen.
- Ek het God gevra vir rykdom, sodat ek gelukkig kon wees. Ek het armoede ontvang, sodat ek wys kon wees.
- Ek het God gevra vir gesag sodat ek die respek van die mense kon afdwing. Ek het swakheid ontvang, sodat ek kon voel hoe nodig ek God het.
- Ek het God vir alles gevra sodat ek die lewe kon geniet. Die lewe is aan my gegee sodat ek alles kan geniet.
- Ek het niks ontvang waarvoor ek gevra het nie, maar alles waarop ek gehoop het. Sonder inagneming van myself, is my gebede beantwoord.
- Van alle mense, is ek die mees ryklik geseënde.

- Om vir 'n kind "ja" te sê is netsoos om 'n ballon op te blaas. Jy moet weet wanneer om te stop.



## SUSTERS



### *SUSTERSAAMTREK - Saterdag 10 Maart 2012*

***Plek***: Gereformeerde Kerk Klerksdorp
***Tema***: Gelowig Vrou in die hande van die Pottebakker
***Spreker***: Dr. Maryn Botha, Nasionale Voorsitter, Helpende Hand, Solidariteit
***Dagfooi***: R85 per persoon
***Keerdatum*** vir belangstellendes: Vrydag 17 Februarie 2012

Susters wat van plan is om die saamtrek by te woon, skakel asseblief met Santie van die Westhuizen (018-468-3553) of Bets de Lang (084-257-9481).

## ONTVANGS DS. ANDRE DE JAGER & GESIN

Die ontvangs van ds. Andre de Jager en sy gesin is DV ***Saterdag 4 Februarie 2012*** by die afdak. Op die spyskaart is potjiekos met al die nodige bykosse. Die reëlingskomitee wil baie graag die getalle vir die byeenkoms teen Sondag 29 Januarie 2012 hê.
Lyste waarop lidmate wat die funksie wil bywoon hulle name kan skryf is in die voorportaal, konsistorie en die orreldeur beskikbaar.

## BAIE GELUK AAN 2011-MATRIEKS!

Simbaal het verneem van 4 matrieks wat uitstekend gevaar het in die afgelope eksamen. Ons as gemeente is saam met hulle en hulle ouers dankbaar teenoor die Here vir soveel seën en wens hulle alles van die beste toe vir die toekoms. Hulle is:

- **Rizaan Olivier** (Japie en Gerda Olivier) - KHS, 7 Onderskeidings
- **Hannes Kruger** (Mike en Elsje Kruger) - 5 Onderskeidings
- **Liza Smit** (Paul en Louise Smit, Grootouers: Chris en Alida Buys) - Schoonspruit, 4 Onderskeidings

- **Marcelle Kruger** (Eddie en Elmarie Kruger, Grootouers: Piet en Gerty Kruger)



## KOLLEKTES


| Datum | By die diakens | Sakkies by die deure |
|---|---|---|
| 22 Januarie | Barmhartigheid | Teologiese Studentekas |
| 29 Januarie | Barmhartigheid | Teologiese Studentekas |



## GEMEENTEPROGRAM

Sondag 22 Januarie tot Saterdag 28 Januarie 2012

| | | |
|---|---|---|
| Sondag 22 Januarie | Oggenddiens | 09:30 |
| Sondag 22 Januarie | Opening Katkisasie vir 2012 | 10:30 |
| Sondag 22 Januarie | Aanddiens | 18:00 |
| Maandag 23 Januarie | Beplanningskommissie | 18:00 |



## TEESKINKBEURTE


| | |
|---|---|
| Sondag 22 Januarie 2011 | Wyke 20 & 21 |
| Sondag 29 Januarie 2012 | Wyke 22 & 23 |



## VERJAARDAE

| | | | |
|---|---|---|---|
| 24 Jan | Vic van der Walt | *Wyk 07* | 018-464-2622 |
| 25 Jan | Willem Scheepers | *Wyk 23* | 018-477-1883 |
| 25 Jan | Pieter Steenkamp | *Wyk 02* | 018-468-2647 |
| 27 Jan | Verni Matthyser | *Wyk 16* | 082-335-3771 |

*Elkeen wat hierdie week verjaar word die seën van die Here toegebid vir die nuwe lewensjaar. Mag u lewe gevul wees met vreugde en geluk uit die hand van die Here.*



## DIE TEOLOGIESE STUDENTEKAS

***Sondae 22 & 29 Januarie 2012*** word 'n spesiale kollekte ingesamel vir die ***Teologiese Studentekas.*** Doel van die Studentekas is **o**m studente wat aan die Teologiese Skool te Potchefstroom studeer, finansieel met beurse te help sodat die Gereformeerde leer uitgebou en verkondig kan word.



## LIEF EN LEED



- 'n Susterskind van ***oom Tienie Botha*** is baie ernstig siek is in Kroonstad. Na wete is die kind in 'n koma. OomTienie en die gesin van die siek kind word in gebede opgedra aan die Here. Mag God dit beskik dat die kind sal gesond word. Die krag van God se Gees word julle toegebid. Oom Tienie was op 18 Januarie 2012 84 jaar oud en nie 86 soos verkeerdelik verlede Sondag afgekondig is nie. [Wyk 12. 083-409-5149]
- ***Br. Vic van der Walt*** was vir ondersoeke na Pretoria vanweë pyn wat lank reeds pla. Ons vertrou dat die wortel van die kwaad gevind is en dat jy spoedig beterskap sal ondervind. [Wyk 7. 084-410-4988]
- ***Br. Charl en sr. Daleen du Plessis*** se skoonseun, Johannes, het weer 'n rugoperasie in Krugersdorp ondergaan. Beterskap en herstel word hom toegebid. [Wyk 11. 083-383-8011].
- ***Sr. Martie Venter*** het na mediese ondersoeke verneem dat daar gevorderde diskusgenerasie in die lae rug is met onstabiliteit tussen veral 2 werwels. Martie het al hoe moeiliker begin loop en kon nie verstaan hoekom die bene so traag is nie. Mag die Here jou in hierdie beproewing innerlik versterk en moed gee (Wyk 12. 018-468-6790).
- ***Dr. Nico en sr. Tersia van der Merwe*** se skoonseun (Rina se man) is vir 'n geruime tyd reeds ernstig siek in 'n hospitaal in Pretoria. Hy het tydens 'n weermagkamp lidwurmbesmetting opgedoen. Die gedierte het eiers op sy brein gelê wat tot 'n hele klomp simptome gelei het (dubbelvisie, geheueverlies, verswakking van die bene, water op die hart). Daar kan nie geopereer word om die eiers te verwyder nie omdat die risiko te hoog is en hy word derhalwe net medies behandel. (Wyk 8. 018-468-1782).
- ***Sr. Tersia van der Merwe*** het die afgelope week 'n spesialis in Pretoria besoek met die oog op 'n beplande nekoperasie. (Wyk 8. 018-468-1782).

- ***'n Mens kan maar min met geloof doen, maar 'n mens kan niks daarsonder doen nie.***
- ***Daar is niks wat meer per ongeluk oopgemaak word as 'n mens se mond nie.***